



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

VERBRUIKERSTUDIES

2019

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 200

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 16 bladsye.

VRAAG 1: KORTVRAE

1.1	1.1.1	D✓	Onthou, maklik (Verken, p.166; Suksesvol, p.184)	(1)
	1.1.2	A✓	Onthou, maklik (Verken, p.156; Suksesvol, p.173)	(1)
	1.1.3	D✓	Onthou, maklik (Verken, p.191; Suksesvol, p.170)	(1)
	1.1.4	D✓	Onthou, maklik (Verken, p.89; Suksesvol, p.104)	(1)
	1.1.5	C✓	Verstaan, maklik (Verken, p.75; Suksesvol, p.85)	(1)
	1.1.6	A✓	Onthou, maklik (Verken, p.103; Suksesvol, p.124)	(1)
	1.1.7	B✓	Verstaan, maklik (Verken, p.106; Suksesvol, p.128-129)	(1)
	1.1.8	B✓	Verstaan, matig (Verken, p.83; Suksesvol, p.98)	(1)
	1.1.9	A✓	Toepassing, maklik (Verken, p.56; Suksesvol, p.58)	(1)
	1.1.10	C✓	Toepassing, matig (Graad 11)	(1)
	1.1.11	D✓	Onthou, maklik (Verken, p.136; Suksesvol, p.153)	(1)
	1.1.12	C✓	Onthou, matig (Verken, p.121; Suksesvol, p.138)	(1)
	1.1.13	A✓	Verstaan, maklik (Verken, p.117, 126; Suksesvol, p.127,144)	(1)
	1.1.14	C✓	Onthou, matig (Verken, p.119; Suksesvol, p.139)	(1)
	1.1.15	D✓	Onthou, maklik (Verken, p.128; Suksesvol, p.146)	(1)
	1.1.16	B✓	Onthou, maklik (Verken, p.13; Suksesvol, p.11)	(1)
	1.1.17	B✓	Onthou, maklik (Verken, p.16; Suksesvol, p.21)	(1)
	1.1.18	D✓	Onthou, matig (Verken, p.19; Suksesvol, p.23)	(1)
	1.1.19	C✓	Verstaan, matig (Verken, p.33; Suksesvol, p.31)	(1)
	1.1.20	A✓	Toepassing, matig (Verken, p.11; Suksesvol, p.18)	(1)

- 1.2 B✓
 E✓
Onthou, matig (Verken, bladsy 22; Suksesvol, bladsy 29) (Enige volgorde) (2)
- 1.3 1.3.1 A✓, F✓ (2)
- 1.3.2 C✓, D✓ (Enige volgorde) (2)
Onthou, maklik (Verken, bladsy 139; Suksesvol, bladsy 159 – 160)
- 1.4 1.4.1 B✓, D✓ (2)
- 1.4.2 A✓, E✓ (2)
- 1.4.3 C✓, F✓ (Enige volgorde) (2)
Verstaan, matig (Verken, bladsy 75-77; Suksesvol, bladsy 85, 90-91)
- 1.5 A (Mode) gier✓ (1)
- B (Mode) neiging/tendens✓ (1)
- C Klassieke✓ (mode) (1)
- D Mense aanvaar die mode✓ (1)
- E Tyd✓ (1)
Toepassing, matig (Verken, bladsy 50; Suksesvol, bladsy 50)
- 1.6 B✓
 C✓
 F✓ (Enige volgorde) (3)
Analiserings, moeilik (Verken, bladsy 167 - 168; Suksesvol, bladsy 184 - 185)

[40]

VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Gee DRIE verantwoordelikhede van munisipaliteite ten opsigte van die strate in hul woongebiede.

- Moet munisipale paaie bou✓
- Moet munisipale paaie in stand hou✓
- Munisipale paaie skoon hou/vry van vullis✓
- Verantwoordelik vir stormwater dreinerings✓
- Gereelde skoonmaak van munisipale dreineringsstelsels ✓
- Verantwoordelik vir straatligte✓
- Verkeersbeheer✓

(Enige 3) (3)

Onthou, matig (Verken, bladsy 184; Suksesvol, bladsy 202)

2.2 2.2.1 Verduidelik die tipe klub waarna die scenario verwys.

'n Stokvel/spaarklub✓ bestaan uit lede/jong volwassenes wat geld bydra/geld spaar in 'n gemeenskaplike bankrekening✓ met die spesifieke doel om huishoudelike toestelle te koop.✓

(3)

Verstaan, maklik (Verken, bladsy 161; Suksesvol, bladsy 177-178)

2.2.2 Beskryf hoe die jong volwassenes baat deur hul insluiting in die klub.

- Deur geld by te dra/geld te spaar in 'n gemeenskaplike bankrekening/pot geld, was hulle genoodsaak om geld te spaar.✓
- Hulle deel die rente✓ van die klub omdat hulle die geld in 'n gemeenskaplike bankrekening spaar. Hierdie rentekoers is waarskynlik hoër✓ weens die gekombineerde spaargeld, as wat dit sou wees op individuele bedrae.
- Hulle kon dus huishoudelike toestelle van hul eie keuse koop✓ wat moontlik nie bekostigbaar✓ was indien hulle dit op hul eie moes koop nie, aangesien hulle pas begin werk het en waarskynlik nie groot salarisse verdien het nie.✓
- Die stokvel/spaarklub geld mag hulle in staat gestel het om kontant te betaal✓ vir 'n afslag te vra✓ die toestel se prys goedkoper✓ te maak, aangesien geen rente/ekstra koste betaal word nie.✓
- Die huishoudelike toestelle was heel waarskynlik goedkoper in Januarie aangesien baie items ná Kersfees op uitverkopings verkoop word.✓

(Enige 3) (3)

Toepassing, matig (Verken, bladsy 161-162; Suksesvol, bladsy 177-178)

2.3 Om 'n huis in die winter te verhit, gebruik baie elektrisiteit of gas. Verduidelik hoe Suid-Afrikaanse verbruikers hul huise warm kan hou sonder om gas of elektrisiteit te gebruik.

- Maak die gordyne/blindings bedags oop om son in te laat✓en maak dit vroeegaand toe✓om te voorkom dat hitte ontsnap.
- Verseël trekke wat deur vensters/ventilasiestene/onder die deure/hou vensters en deure toe✓om te voorkom dat hitte ontsnap.
- Isoleer die plafon✓ om hitte binne te hou en te voorkom dat dit ontsnap.✓
- Maak 'n vuur met hout in die kaggel/kolestoof/metaal emmer (imbawula)✓en hou die vertrek toe om warmte binne te hou.✓
- Los matjies/matte op die vloer sal hitte voorsien/warm om op te loop/nie koue van die vloer voel nie.✓

(Enige 4) (4)

Toepassing, maklik (Verken, bladsy 173; Suksesvol, bladsy 194)

2.4 Verduidelik die moontlike gevolge van hierdie advertensie vir 'n niksvermoedende verbruiker.

- Dit kan 'n geleentheid om van die huis af te werk skema/swendel-skema wees.✓
- Jy moet dalk iets koop voordat werk kan begin./Die swendelaars kan so kullery gebruik om jou geld te neem/te steel.✓
- Jou geld sal geneem/gesteel word/jy sal met niks waardevol gelaat word nie.✓
- Die advertensie is te goed om waar te wees, dus moet verbruikers versigtig wees. ✓

(Enige 3) (3)

Verstaan, matig (Verken, bladsy 161; Suksesvol, bladsy 177)

2.5 Analiseer waarom dit as 'n kontrak beskou kan word as 'n mens by enige van hierdie vervoermiddele inklim.

- Dit is 'n verbale/gesproke kontrak✓waarin die taxi/busdrywer/treindiens aanbied/ooreenstem✓om die verbruiker na 'n spesifiek plek te bestuur.✓
- Deur in die vervoermiddel in te klim aanvaar die verbruiker die aanbod✓dit skep die reg vir die verbruiker om vervoer te word✓ in ruil vir die bestuurder om te passasier/verbruiker te vervoer✓wat die vervoerder se plig word✓in ruil vir iets waardevol/fooi/geld.✓
- Vrywillige instemming word deur die verbruiker gegee om vervoer te word/Die verbruiker/passasier word nie gedwing/geforceer om in die taxi/bus/trein te klim nie.✓
- Hierdie ooreenkoms is wettig✓aangesien dit nie enige ooreenkoms insluit wat die wet oortree nie.✓

(Enige 4) (4)

Analiseer, moeilik (Verken, bladsy 155-156; Suksesvol, bladsy 169-170)

[20]

VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Noem die doel van voedselbestraling.

- Dit verminder/vernietig/skakel mikroörganismes/skadelijke bakterieë uit.✓
- Dit verleng/verhoog die raklewe/behou gehalte van voedsel.✓
- Vertraag rypwording van vrugte/vertraag groen word van aartappels/beheer die uitloop van uie/knoffel/aartappels.✓ (Enige 1)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 105; Suksesvol, bladsy 127)

(1)

3.2 Verduidelik hoe 'n persoon wat aan hipoglukemie ly, behandel kan word.

- Hipoglukemie-/lae bloedglukosevlakke moet behandel word om die bloedglukosevlak van die persoon te laat styg.✓
- Die persoon moet 'n vorm van glukose eet✓soos glukose tablette/suiker/heuning/mieliestroop/rosyntjies/lekkers/drankie ryk aan glukose soos vrugtesap/koeldrank/sportdrankies/energiedrankies/eet koolhidraatryke versnaperinge, bv. koekies/sjokolade/brood/ryskoekies om die bloedglukosevlakke te laat styg.✓
- Die persoon moet voedsel wat glukose met 'n hoë glukemiese indeks (GI)✓bevat, inneem omdat dit vinnig tydens vertering sal afbreek,✓ vinnig glukose in die bloedstroom✓sal vrystel/die bloedglukosevlak vinnig sal laat styg.✓ (Enige 4)

Onthou (2), Verstaan (2), matig (Verken, bladsy 77; Suksesvol, bladsy 77-78)

(4)

3.3 Bespreek waarom mense wat aan gluten intoleransie ly, dikwels ook aan wanvoeding ly.

- Gluten beskadig die villi✓wat met die absorpsie van voedingstowwe help. ✓
- Die villi kan dan nie voedingstowwe absorbeer nie✓wat lei tot wanvoeding.

Verstaan, matig (Verken, bladsy 80; Suksesvol, bladsy 94)

(3)

3.4 Bespreek die maniere waarop die oordrag van die meeste voedsel-oordraagbare siektes verhoed kan word met spesifieke verwysing na:

3.4.1 Persoonlike higiëne

- Die meeste siektes wat deur voedsel oorgedra word, word oorgedra deur die hande van voedselhanteerders.✓
- Deur die hande in skoon water en seep te was✓ voor en tydens voedsel voorbereiding✓ en nadat die toilet gebruik was/babadoeke geruil word✓kan oordrag voorkom word.

(Enige 3)

(3)

3.4.2 Water

- Drink skoon/onbesmette/veilige/gebottelde water.✓
- Die uitspoel en kookwater vir voedsel moet veilige water wees, water kan gekook word voordat dit gedrink word, om dit veilig te maak.✓
- Swem in onbesmette water✓aangesien die inname/blootstelling aan besmette water siekte wat deur voedsel oorgedra word, tot gevolg kan hê.✓ (Enige 3)

(3)

3.4.3 Kombuishigiëne

- Gebruik skoon gereedskap/was vuil gereedskap✓ in skoon, warm water en seep.✓
- Skoonmaak en ontsmetting van werkoppervlakke✓voor, tydens en na voedselvoorbereiding verwyder skadelike bakterieë✓wat siekte wat deur voedsel oorgedra word veroorsaak word. (Enige 3)

Verstaan, maklik (Verken, bladsy 86- 91; Suksesvol, bladsy 103-109)

3.5 3.5.1 Gee die term vir die bestanddele wat in die etiket genoem word.

- (Voedsel)bymiddels✓

Onthou, maklik (Verken, bladsy 92; Suksesvol, bladsy 110)

3.5.2 (a) Noem die funksie van MNG.

- 'n Geurbevorderaar/bring die geur van sommige voedsels na vore.✓

Onthou, maklik (Verken, bladsy 95; Suksesvol, bladsy 114)

(b) Verduidelik waarom hierdie sous-etiket aandui 'Geen bygevoegde MNG nie'.

- Dit is 'n betwisbare bestanddeel.✓
- Dit lig verbruikers in oor die bestanddeel inhoud. ✓
- 'n Klein persentasie mense toon ongunstige reaksies/is allergies vir MNG.✓
- Dit bevat natrium✓en mense word aangemoedig om minder sout te gebruik.✓
- Verkope mag verhoog✓as mense weet dat die produk nie MNG bevat nie. (Enige 3)

Verstaan, matig (Verken, bladsy 95; Suksesvol, bladsy 114)

3.6 3.6.1 Die volgende VRAAG moet in die tabel hieronder voltooi word.

(a) DRIE vitamienne wat 'n rol speel in die versterking van die immuunstelsel van 'n persoon met MIV/Vigs	(b) Bestanddele in die resep wat 'n goeie bron van die vitamien is
• Vitamien A✓	• Ertjies/spinasie/broccoli/eiers✓
• Vitamien B ₆ ✓	• Broccoli/spinasie✓
• Vitamien C✓	• Broccoli✓
• Vitamien E✓	• Kanola olie✓

(3 x 2)

Onthou (3), Toepassing (3), matig (Verken, bladsy 84-85; Suksesvol, bladsy 100)

LET WEL: Trek EEN punt af indien nie in tabelformaat beantwoord is nie.

3.6.2 Identifiseer TWEE bestanddele wat 'n persoon met 'n suiwelallergie moet vermy.

- Ingedampte melk✓
- Fetakaas✓

Verstaan, maklik (Verken, bladsy 80; Suksesvol, bladsy 92)

3.6.3 Analiseer hierdie resep en verduidelik waarom dit diabetes-vriendelik is.

- Die resep is laag in vet,✓wat goed is omdat diabete 'n hoër risiko het om koronêre hartsiektes te ontwikkel.✓
- Die kanola olie bevat onversadigde vet✓wat help om die cholesterolvlakke te verlaag✓ en help om die risiko van koronêre hartsiekte te verlaag.✓*
- Baie diabete is oorgewig en 'n laevet-dieet sal help met gewigverlies.✓ Gewigverlies mag bloedglukosevlakke verminder.✓
- Die groente en volgraanbrood is hoog in vesel✓en het 'n lae GI.✓ Dit sal groot wisselinge in bloedglukosevlakke voorkom/koolhidrate metabolisme verbeter.✓ Die vesel sal ook help om cholesterolvlakke te verminder✓wat help om die risiko vir koronêre hartsiektes te verlaag.✓*
- Die resep bevat vier verskillende groentes✓wat die risiko vir hartsiekte en beroerte verlaag.✓
- Die resep bevat geen suiker nie,✓dus sal die bloedglukosevlak nie verskerp/vinnig styg nie.✓
- Die resep bevat geen bykomende sout nie✓en dit mag bloeddrukbeheer verbeter,✓wat die risiko vir hartsiekte /beroerte verminder.✓
- Die resep bevat nie groot hoeveelhede proteïene nie✓en dit voorkom onnodige stres/druk op die niere.✓ (Enige 5 x 2) (10)

Analiserings, moeilik (Verken, bladsy 73, 75, 77; Suksesvol, bladsy 82, 85, 87)

LET WEL: Verminderde cholesterolvlakke wat *die risiko van hartsiektes verlaag – punt kan slegs eenkeer toegeken word.

[40]

VRAAG 4: KLEDING

4.1 Definieer die term *mode*.

- Mode is die styl van klere wat die meerderheid✓mense in 'n land/ouderdomsgroep/area✓nou/tans/op 'n gegewe tyd✓dra. (Enige 2)

OF

- Mode is die styl wat deur 'n spesifieke groep✓mense op 'n gegewe tyd✓en plek✓aanvaar word. (Enige 2)

(2)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 48; Suksesvol, bladsy 49)

4.2 Noem die laaste DRIE stadia van die modesiklus in die korrekte volgorde.

- Piek/hoogtepunt✓
- Afname✓
- Veroudering✓

(3)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 50; Suksesvol, bladsy 50)

4.3 Verduidelik die verskil tussen handelsmerkrowery/-plagiaat en nagmaakte kledingitems.

- Nagmaakte klere is onwettige kopieë van 'n handelsnaam/ oorspronklike produk/namaaksel van die oorspronklike produk✓
- Handelsnaamrowery/-plagiaat is wanneer 'n produk 'n soortgelyke naam✓ (maar nie identies) soos die van 'n welbekende handelsnaam gegee word/ongemagtigde gebruik van 'n beskermde handelsmerk.

(2)

Verstaan, maklik (Verken, bladsy 64; Suksesvol, bladsy 72)

4.4 Gee VIER riglyne om die meeste waarde vir geld met 'n klein begroting te kry vir 'n persoon wat met sy/haar eerste professionele werk begin.

- Begin met 'n paar basiese items in basiese klere✓in die begin kos dit minder.
- Koop die beste kwaliteit klere/skoene wat hy/sy kan bekostig omdat dit langer hou.✓
- Koop items wat kan meng en pas✓en vermy om items te koop wat nie by enige iets in jou klerekas pas nie.✓
- Koop items in die toename/peik stadium van die modesiklus aangesien hulle meer bekostigbaar is.✓
- Koop kledingstukke wat vir formele geleenthede opgetooi kan word en vir informele geleenthede afgeskaal kan word/wat veelsydig is en vir verskillende seisoene✓ gedra kan word, dus word die geld wat aan klere bestee word verminder. ✓
- Koop basiese klassieke items✓en mode bykomstighede wat langer in mode sal wees/langer hou.✓

(Enige 4)

(4)

Verstaan, matig (Verken 54-55; Suksesvol 59)

4.5 Gee redes waarom hierdie rok geskik is vir 'n finansiële adviseur met 'n voller figuur, wat 'n vroeë oggend vergadering in die herfs het.

- Die rok is formeel/pas by die werkomgewing.✓
- Die rok skep 'n professionele voorkoms/pas die werkomgewing.✓
- Dit is modieus/weerspieël selfvertroue/aanvaarding deur die publiek.✓
- Die styl is nie ontblotend/sal nie enige iemand te na kom nie.✓
- Kleur is basies/professioneel.✓
- Vlootblou sal die illusie van slankheid gee.✓
- Moue is nie te kort aangesien herfs oggende effens koud kan wees.✓
- Valle laat die rok vroulik vertoon.✓ (Enige 4)

Toepassing, matig (Verken, bladsy 56-57; Suksesvol, bladsy 61-64)

4.6 Evalueer krities die geskiktheid van hierdie uitrusting vir 'n skoolhoof.

- Die kleur vlootblou is klassiek/formeel,✓ dit skep 'n professionele voorkoms.✓
- Die enigste geskikte item is die hemp✓aangesien dit formeel is.✓
- 'n Skoolhoof sal slordig/traak-my-nie-agtig/onnet vertoon in hierdie uitrusting✓aangesien die mussie/denim broek/vlies toppie informele kledingitems is.✓
- 'n Skoolhoof sal nie gerespekteer/sal nie ernstig geneem word nie.✓ Die manier waarin hy geklee is mag 'n gevoel van wantroue skep en dit vertoon dat hy onbevoeg is.✓
- 'n Skoolhoof is 'n rolmodel✓en die uitrusting stel nie 'n goeie voorbeeld nie✓in verband met die skool se klerekode. (Enige 4)
- Gevolgtrekking: Die uitrusting is ongeskik vir 'n skoolhoof tydens werksure✓ (1)

Evaluering, moeilik (Verken, bladsy 53 – 59; Suksesvol, bladsy 57 – 65)

[20]

VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 Noem TWEE tipes versekering wat ingesluit kan word by die maandelikse terugbetaling van die huislening.

- Lewensversekering✓ (paaielemente)
- Huiseienaarsomvattende versekering✓ (2)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 128; Suksesvol, bladsy 145)

5.2 Noem TWEE diensaansluitingsfooie wat aan die munisipaliteit betaal word wanneer 'n huis gekoop word.

- Aansluiting van water✓
- Aansluiting van elektrisiteit✓ (2)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 128; Suksesvol, bladsy 147)

5.3 Verduidelik die verbruiker se verantwoordelikhede ten opsigte van die vervaardiger se instruksiehandleiding wanneer 'n nuwe toestel geïnstalleer word.

- Volg die vervaardiger se instruksies om die toestel te gebruik/versorg, vir die waarborg om geldig te bly.✓
- Teken die model✓ en reeksnommer✓ vir die toestel in die instruksie-boek aan.
- Behou waarborg bewys/strokie. ✓ (Enige 2) (2)

Onthou, matig (Verken, bladsy 150; Suksesvol, bladsy 164)

5.4 Noem TWEE funksies van die Aktekantoor

- Registreer/uitgee van titelakte.✓
- Registreer die (verband) lening.✓ (2)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 127, 128; Suksesvol, bladsy 146)

5.5 Verduidelik die verwantskap tussen die *aanbod om te koop* en die *titelakte*.

- 'n Verkoopsaanbod noem die bedrag wat die koper aanbied om vir die eiendom te betaal✓
- Die koopakte noem die voorwaardes vir die verkope.✓ (2)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 125; Suksesvol, bladsy 142)

5.6 Verduidelik die moontlikheid dat Taylor 'n regeringbehuisingssubsidie sal kry.

- Taylor sal waarskynlik 'n staatsbehuisingssubsidie kry✓ aangesien sy aan die kwalifiserende kriteria voldoen.✓
- Sy is ouer as 21 jaar.✓
- Sy is 'n Suid Afrikaanse burger.✓
- Sy het finansiële afhanklikes (kinders).✓
- Sy verdien minder as R3 500.00 per maand.✓
- Sy is vir die eerste keer 'n eienaar van eiendom.✓ (Enige 6) (6)

Verstaan, matig (Verken, bladsy 130; Suksesvol, bladsy 149)

5.7 5.7.1 Identifiseer die tipe huiseienaarskap in hierdie advertensie.

- Deeltitel✓

(1)

Verstaan, maklik (Verken, bladsy 122; Suksesvol, bladsy 140)

5.7.2 Noem DRIE nadele om in die eiendom te woon wat hierbo beskryf word.

- Die persoon wat die eiendom beset moet die gemeenskaplike areas met al die ander mense wat in die blok woon deel/hy/sy mag nie met die gebruik van gemeenskaplike eiendom deur ander inmeng nie.✓
- Die bure mag lawaaierig wees.✓
- Die persoon het minder privaatheid as wanneer hy/sy in 'n vrystaande huis gewoon word.✓
- Die persoon se buite spasie is beperk✓aangesien die meeste daarvan met ander mense gedeel moet word.
- Toestemming moet van die huiseienaarsvereniging/ regspersoon verkry word✓ voordat enige veranderinge aan die buitekant van die woonstel aangebring kan word.
- Die persoon moet hou by die reëls van die huiseienaarvereniging /regspersoon.✓

(Enige 3)

(3)

Verstaan, matig (Verken, bladsy 123; Suksesvol, bladsy 141)

5.7.3 Bespreek die finansiële verantwoordelikhede en finansiële implikasies vir die nuwe eienaar as hy/sy hierdie eiendom met 'n 100% lening koop met die voorneme om dit weer te verhuur.

- Die eienaar sal verantwoordelik wees om die verband,✓ heffings✓ erfbelasting,✓ huiseienaarsversekering,✓ verbandversekering✓ en instandhouding te betaal.✓
- Aanvanklik sal die huurinkomste nie die verbandkoste dek nie✓ maar oor 'n tydperk sal die huurgeld styg/verhoog en sal meer as die verbandkoste word.✓
- Uiteindelik sal die eienaar 'n wins✓ vir die woonstel begin maak.
- Die eienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die woonstel✓maar die instandhouding van die gemeenskaplike areas sal uit die heffings✓ betaal word.
- Dit sal 'n goeie langtermyn finansiële belegging wees.✓

(Enige 6)

(6)

Toepassing, matig (Verken, bladsy 118; Suksesvol, bladsy 137,140)

5.8 Gee TWEE riglyne om die doeltreffende gebruik van elektrisiteit en water vir 'n wasmasjien te verseker met spesifieke verwysing na:

5.8.1 Aankoop

- Kies die korrekte grootte✓wasmasjien volgens jou behoeftes omdat dit minder elektrisiteit sal gebruik.✓
- Kyk na die etiket vir water✓en energieverbruik/kyk na die energiedoeltreffende etiket.✓Kies 'n masjien wat die mees energie en water doeltreffend is. ✓
- Kies 'n voorlaaier wasmasjien omdat dit minder water as 'n bolaaier gebruik✓ (Enige 2) (2)

5.8.2 Gebruik

- Koue water was gebruik minder elektrisiteit.✓
- Gebruik die korrekte program✓vir die lading.
- Gebruik slegs warm water vir baie vuil items aangesien warm water meer elektrisiteit gebruik.✓
- Vul die wasmasjien heeltemal✓voor dit gebruik word omdat dit die doeltreffende gebruik van water en elektrisiteit sal verseker. (Enige 2) (2)

Verstaan, matig (Verken, bladsy 143-144; Suksesvol, bladsy 157-158)

5.9 Voorspel, met grondige redes, watter invloed stygende rentekoerse op die koop en huur van eiendom sal hê.

- Verband terugbetalings/maandelikse paaieimente sal verhoog✓ en minder mense sal verband terugbetalings kan bekostig/sal die hoeveelheid voornemende huiskopers verminder.✓
- Dit beteken dat sommige huiseienaars gedwing sal word om hul huise te verkoop.✓Dit mag aanleiding gee tot groter voorsiening as aanvraag van huise.✓Dit mag veroorsaak dat eiendomspryse daal.✓
- Minder mense sal kwalifiseer✓vir die verband wat hulle mag nodig hê om eiendom te koop aangesien maandelikse paaieimente nie die huiseienaar se maandelikse inkomste tussen 25% en 30% mag oorskry nie.✓
- Stygende rentekoerse sal die aantal huiskopers/huiseienaars verminder✓ en sal die aantal mense wat eiendomme wil huur vermeerder.✓
- Dit mag lei tot verhoging in huur✓aangesien daar 'n groter aanvraag as voorsiening van gehuurde akkommodasie mag wees.✓
- Stygende rentekoerse sal 'n positiewe invloed op die huur mark hê✓maar 'n negatiewe invloed op die koop mark.✓ (Enige 5 x 2) (10)

Analiserings, moeilik (Verken, bladsy 124, 127; Suksesvol, bladsy 145)

[40]

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 Gee EEN voorbeeld van hoe 'n entrepreneur die produktiwiteit van sy/haar personeel kan verbeter.

- Personeelopleiding✓

(1)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 25; Suksesvol, bladsy 26)

6.2 Verduidelik die nadele van EEN van die onderstaande in die produksie van kwaliteit produkte:

6.2.1 Voorraadbestuurstelsel dui te veel voorraad aan

- Meer opbergspasie sal vereis word. ✓
- Voorraad kan oud word/verouderd/agteruit gaan tydens opberging dus verlies in gehalte. ✓
- Voorraad mag nie verkoop dus word geld vasgevang in voorraad✓wat êrens anders vir 'n ander doel gebruik kon word. (Enige 2)

OF

6.2.2 Te min voorraad aangedui op die stelsel.

- Produksie mag stop totdat nuwe voorraad afgelewer is. ✓
- Die besigheid mag die geleentheid vir bestellings verloor✓omdat produkte nie geproduseer kan word nie, dus word die reputasie van die besigheid beskadig.✓ (Enige 2)

(2)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 19; Suksesvol, bladsy 23)

6.3 Skryf 'n paragraaf om te verduidelik wat volhoubare produksie en verbruik beteken

Volhoubare verbruik beteken dat goedere en dienste gebruik word om lewenskwaliteit te verbeter✓en die (basiese) behoeftes van verbruikers te bevredig✓ op so 'n manier dat die natuurlike omgewing nie beskadig word nie/beskerm word vir toekomstige generasies.✓Vermindering van die gebruik van natuurlike hulpbronne/toksiese materiaal/chemiese stowwe.✓ Vermindering van afval en besoedeling/kweekhuysgasse/koolstofvoetspoor.✓

(Enige 4)

(4)

Onthou, matig (Verken, bladsy 26; Suksesvol, bladsy 26)

LET WEL: Trek EEN punt af indien nie in paragraaf formaat geskryf is nie.

6.4 6.4.1 Hierdie besigheid se produkte word nie in verpakings verkoop nie – 'n etiket word aangeheg.

Noem VIER inligtingsitems wat op die etiket ingesluit moet word.

- Handelsnaam/merk✓
- Produk se naam✓
- Materiaal gebruik/Kleedstof vesels/100% katoen✓
- (Was en skoonmaak) Instruksies✓
- Prys✓
- Plek waar dit gemaak/vervaardig is✓
- Besonderhede van die vervaardiger✓

(Enige 4)

(4)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 29; Suksesvol, bladsy 29)

6.4.2 Besighede moet sekere faktore oorweeg wanneer hul produkte vir kleinskaalse produksie kies. Noem die probleem wat hierdie besigheidsonderneming aanvanklik ondervind het.

- Die beskikbaarheid van grondstowwe.✓ (1)

Verstaan, matig (Verken, bladsy 13; Suksesvol, bladsy 19)

6.4.3 Identifiseer VIER produksiekostes wat hierdie besigheid moet betaal.

- Huur van hulle perseel✓
- Grondstowwe/katoen garing✓
- Arbeid/lone/salarisse✓
- Administratiewe koste/telefoon/internet/elektroniese media✓
- Elektrisiteit✓
- Etikettering✓ (Enige 4) (4)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 36 -37; Suksesvol, bladsy 35-36)

6.4.4 Noem die tipe media wat hierdie besigheid hoofsaaklik gebruik om hul produkte te adverteer.

- Elektroniese media/internet✓ (1)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 31; Suksesvol, bladsy 30)

6.4.5 Noem en verduidelik TWEE verskillende verspreidingsopsies wat hierdie besigheid gebruik.

- Direkte verspreiding/verkope:✓ (1)
- Hulle verkoop direk aan hulle kliënte✓ by die kunsmarkte✓ of die internet.✓ (Enige 2) (2)
- Gebruik van 'n middelman:✓ (1)
- Hulle voorsien winkels✓ en kettingwinkels✓ op 'n groothandelaarbasis.✓ (Enige 2) (2) (6)

Verstaan, maklik (Verken, bladsy 29, Suksesvol, bladsy 29)

6.4.6 Die badmatjie kos R211,10. Die besigheid maak 70% wins op elke badmatjie. Bereken die hoeveelheid wins wat hulle op elke badmatjie maak. Toon alle berekeninge.

$$\begin{aligned} &70\% \text{ van } R211,10 \\ &= \frac{70}{100} \times R211,10 \quad \text{OF} \quad 70\% \times R211,10 \\ &= R147,77/R148,00 \end{aligned} \quad (2)$$

Toepassing, matig (Verken, bladsy 38; Suksesvol, bladsy 39)

6.4.7 Die besigheid maak R450,00 wins per 'throw'/oorgooidoek. Bereken die wins wat die besigheid elke jaar sal maak as hulle 70 'throws' per jaar verkoop. Toon alle berekeninge.

$$\begin{aligned} &70 \times R450,00 = R31\,500,00 \\ &R31\,500 \times 12 = R378\,000,00 \end{aligned} \quad (2)$$

Toepassing, matig (Verken, bladsy 38; Suksesvol, bladsy 39)

6.4.8 Hierdie besigheid vind dat hulle verkope tydens Junie en Julie styg. Gee 'n verduideliking vir die styging in verkope.

- Dit is winter✓en mense kry koud.✓ Mense mag oorgooikomersies koop om hulself te bedek✓en matte om vloere warmer te maak. ✓
- In die middel van die jaar mag geld beskikbaar wees/ spaargeld mag beskikbaar wees na die somervakansie besteding. ✓
- Daar mag 'n invloed van toeriste wees✓ wat geskenke wil koop op buiteseisoen spesiale aanbiedings.✓ (Enige 3) (3)

Toepassing, matig (uit inligting voorsien)

6.4.9 Analiseer die inligting en verduidelik waarom Amelia Jackson Industries volhoubare winsgewendheid toon.

- Die besigheid bestaan vanaf 1989/bestaan vir 'n lang tyd✓ en dit het gegroei✓en het oor die jare welbekend geword.
- Dit het so lank oorleef omdat hulle 'n leemte in die mark vul✓en goeie kwaliteit produkte aanbied.✓
- Hulle maak en verkoop 'n verskeidenheid produkte✓wat aanklank by verskillende mense vind.✓
- Hulle matte is masjien wasbaar,✓dus is hulle maklik om te versorg.✓
- Hulle verkoop in 'n verskeidenheid winkels en ook aanlyn,✓ wat hulle 'n wye kliëntebasis gee.✓
- Hulle produkte is goeie waarde vir geld✓omdat hulle gemaak is van 100% katoen/duursaam is.✓
- Hulle bly in kontak/verbinding met hulle kliënte✓en kan dus aanpas by hul behoeftes/hulle navrae aanspreek.✓
- Hulle produkte vind aanklank by 'n verskeidenheid mense,✓ soos plaaslike en toeriste.✓
- Hulle produkte is nie seisoenaal nie✓omdat hulle regdeur die jaar verkoop word.✓
- Hulle produkte vermors nie✓aangesien dit nie bederf nie/nie 'n raklewe het nie.✓ (Enige 5 x 2) (10)

Analiserings, moeilik (Verken, bladsy 35; Suksesvol, bladsy 34)

[40]

TOTAAL: 200